

Die Psalms in die liturgie met verwysing na Psalm 8 as liedteks¹

C J A Vos & G C Olivier

Fakulteit Teologie en Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Abstract

The Psalms in liturgy with reference to Psalm 8 as hymn

The publishing of “Liedboek van die Kerk” (2001) emphasizes the importance of the psalms for liturgy and hymnology. All 150 psalms in “Liedboek” were versified by T T Cloete. This article considers the bridge function of the psalm, the significance and function of the psalms as an open hymnbook and as an anthology, and the literature types found in the psalms. The structure and form of Psalm 8 are analyzed in greater detail. This analysis leads to a literary evaluation and a musicological appreciation of its versification by Cloete.

1. AKTUALITEIT

Die belangrikheid van die psalms vir die liturgie en himnologie in Suid-Afrika is deur die verskyning van die *Liedboek van die Kerk* (2001) benadruk. In die *Liedboek* is al 150 psalms deur die digter T T Cloete omgedig. Enkele ander omdigtings van ander digters, onder andere Lina Spies en Antjie Krog, is as alternatiewe berymings opgeneem. Dit bring mee dat die psalms as gedigte en as liedere literêr, liturgies en himnologies beoordeel moet word.

2. PROBLEEMSTELLING

Die eerste vraag wat in hierdie artikel beantwoord moet word, is in hoe ’n mate die Cloete-omdigting aan eksegetiese, literêre en musiekwetenskaplike eise beantwoord.

¹ Hierdie is die eerste van ’n reeks artikels oor die psalms in die *Liedboek van die Kerk* waarby twee melodië afgedruk is. Dié tiental is Psalms 8, 18, 38, 91, 100, 107, 127, 130, 139 en 147.

Ten einde reg aan die probleemstelling te laat geskied, fokus hierdie artikel op verskeie aspekte binne hierdie verband: die oorbruggingsfunksie van die psalms; die betekenis en funksie van die psalms in die liturgie; die samestelling van die psalmboek en die literatuursoorte van die psalms. Vervolgens word veral op die struktuur en die uitleg van Psalm 8 gelet. ’n Literêre beoordeling van en musiekwetenskaplike kommentaar op T T Cloete se omdigting van hierdie psalm word ook gegee.

3. DIE OORBRUGGINGSFUNKSIE VAN DIE PSALMS

Die psalms vervul in vele opsigte ’n oorbruggingsfunksie tussen uiteenlopende soorte denominasies tussen wie daar vroeër vanweë die een of ander rede verwydering plaasgevind het (Schuman 1995:1). Die psalms is liedere wat in die Joodse en die Christelike tradisie, in die Oosters-Ortotokse en Westerse kerke, in die Rooms-Katolieke tradisie en vele Reformatoriese strominge ’n sleutelplek gekry het (Schuman 1998a:374-375; Kaspar 1999:96). Die psalms speel ’n verbindingsrol tussen mense uit verskillende wêrelde, tradisies en tye (Vos 2001:358). Die sing van die psalms in die erediens bring ook in herinnering die ryke tradisie wat dit verteenwoordig: die terugspeur na die wortels van Israel, die Jodendom, die tempel en die sinagoge (Barnard 1985:66-102; Schuman 1998a:375). Sodoende word die psalms ’n onsigbare brug tussen kulture en verskuiwende kontekste.

4. DIE PSALMS IN DIE LITURGIE

In ’n liturgiese beskouing is die betekenis en funksie van die psalms in alle ekumeniese verskeidenheid van groot belang. Die Psalms, meer miskien as enige ander Bybelboek, kan as liturgiese stramien gebruik word in elke faset van die erediens. Naas die ekumeniese brugfunksie wat die psalms vervul, het die nuwe belangstelling in die liturgie ook die vraag na die betekenis en funksie van die psalms in die liturgie nuut onder die vergrootglas gebring (Schuman 1998:165; 1998a:377-378; 2001:250-252).

In die “ekumenies-protestantse” kerke, byvoorbeeld, word daar in die liturgie na “die psalm van die Sondag” verwys wat in die liturgiese jaartema die patroon van die erediens kan bepaal; dit word dan as *proprium* saam met ’n besondere teks as keervers en saam met die “gebed van die Sondag” aangee (Schuman 1998:166-167; Monsma 1998:423-

449). Hierdie is 'n enkele voorbeeld van hoe die psalms ekumenies gebruik kan word om die erediens te struktureer.

5. DIE PSALMS AS TRADISIONELE LIEDBOEK

Die psalms is indertyd in die tempel gesing deur 'n gilde van sangers. Met Paastyd (ook byvoorbeeld met die Loofhuttefees) is die Hallel gesing (Ps 113-118). In dié verband kan ook na die lofsang in Matteus 26:30, wat ná die Nagmaal gesing is, verwys word (Vrijlandt 1989:22).

Op pad na die tempel waar die Pinkster- of die Loofhuttefees gevier is, is pelgrimsliedere gesing (Pss 120-134). Daar is ook oor die vreugde van die Wet gesing (Pss 1; 19; 119). Psalm 92 is die psalm vir die sabbatmôre, terwyl Psalms 95-99 die vorige aand gesing is (Vrijlandt 1989: 22).

Die psalms was die gebede en liedboek van Israel en die Jodedom, maar ook van Jesus (vgl Ps 22) en sy volgelinge. Die Christelike kerk het bloot die Psalmboek oorgeneem. In die ryk tradisie van die Christendom leef ons daarom ook uit die psalms (Schuman 1998:166-167; Monsma 1998:423-425).

In ons dag behoort die rykdom wat die psalms as liedboek bied, weer ontdek en ontgin te word. Die vanselfsprekende rede hiervoor is dat al die geloofstemas in die psalms voorkom. Die diepste menslike emosies weerklink in die psalms: vreugde en dank, maar ook pyn en vrees tydens krisissituasies. Sommige psalms druk jubelende lofprysing aan God uit, terwyl ander by God kla; in party psalms word oor die skoonheid van die lewe en goeie verhoudings tussen mense gesing; ander psalms praat weer van die gebroke verhoudinge tussen mense – selfs van wraak teen vyande. Daar is psalms waarin tot God gebid word, maar ook psalms wat die goddelose vervloek. In die psalms word daar met die onopgeloste raaisels van die lewe geworstel, soos die vraag waarom die regverdige soms onder swaarkry moet swig, terwyl die goddelose voorspoedig deur die lewe gaan. Die psalms is 'n boek wat die verhaal van God en mens se omgang met mekaar vertel. Die psalms is bo alles geloofsgesange oor sonde en genade.

Die diversiteit van hierdie register word in die nuwe omdigtings van die psalms as 'n georganiseerde en organiese geheel op 'n verantwoordelik wyse verwoord.

6. DIE PSALMSBOEK AS KOHESIEWE DIGBUNDEL

Net soos gedigte in 'n bundel nie los eenhede is nie, maar deel vorm van 'n groter geheel, is dit ook die geval met die psalms. Duidelike aanduidinge bestaan dat die komposisie van die psalmbundel nie eenmalig of tydens een geleentheid plaasgevind het nie. Daar is aanwysers dat vroeëre versamelings bestaan het wat later in ons bundel saamgevoeg is. Ons vind byvoorbeeld dat 'n aantal psalms gedupliseer is: Psalm 14 = Psalm 53; Psalm 40:13-17 = Psalm 70 en Psalm 108 = Psalm 57:7-11 + Psalm 60:5-12. Dit is verklaarbaar indien die gedupliseerde psalms oorspronklik tot verskillende versamelings behoort het, maar die herhalings kan ook 'n argument wees dat die psalmboek juis gekonsipieer is met terugkerende motiewe, waarvan die herhaalde psalms amper 'n refrein word. Hierdie argument versterk uiteraard die siening van die psalmboek as 'n organiese en kohesiewe eenheid. Die psalmboek bestaan uit vyf onderafdelings wat elk met 'n doksologie sluit (Zenger 1997:25):

Psalm 1-2:	inleiding tot die Psalmbundel	
Psalms 3-41:	doksologie:	41:14
Psalms 42-72:	doksologie:	72:18-19
Psalms 73-89:	doksologie:	89:53
Psalms 90-106:	doksologie:	106:48
Psalms 107-150:	doksologie:	Psalm 150 vervul die funksie van die doksologie

Psalms 3-41 is die eerste groot versameling en staan as Boek I bekend. Hierdie groepering word die Dawidsversameling genoem omdat, op 'n enkele uitsondering na (Ps 33), kom Dawid se naam in al die ander opskrifte voor as outeur. 'n Ander kenmerk van die groep is dat die goddelike Naam, Jahwe (Here), deurgaans gebruik word.

In Boek II word die volgende psalms ook aan Dawid toegeskryf: 51-65 en 68-70. In Boek III word Psalm 86 aan Dawid gekoppel. Boek IV noem Psalm 101 en 103 as sy bydraes. In die vyfde versameling word Psalm 108-110, 122, 124, 131 en 138-145 aan Dawid verbind.

Die laaste afdeling het nie 'n spesifieke doksologie nie. Die rede is dat die hele Psalm 150 die funksie vervul. Elk van die onderafdelings word gebind deur 'n lofroep, en

dié doksologieë verbind die gedigte in elke afdeling weer aanmekaar. Soms, soos in die geval van Psalm 41, wat 'n smeking in nood is, en Psalm 89, wat op 'n toon van verwyte en aanvegting eindig, kom die doksologie in verrassende kontekste voor. Wat is die sin van 'n lofroep in só 'n konteks? Juis die lofklank in dié konteks toon dat al die psalmsoorte — klagte, smekinge, verwyte, liturgieë, individuele gebede, kollektiewe liederere, wysheids- en vertrouenspsalms – en al hul motiewe, een doel voor oë het: lof aan God. Dit is ook nie vreemd nie dat die bundel later die titel *tehillîm*, Lofliedere, gekry het, ten spyte van liederere gevul met smart (soos Psalm 38), wraaksug (soos Psalm 70), uitsigloosheid (soos Psalm 88), klagte (soos Psalm 130) en bitterheid (soos Psalm 137). Psalm 150 is nie alleen die spitspunt van die groep hallelujapsalms (Psalms 146-150) nie, maar dit is ook 'n volledige doksologiese psalm om die hele bundel mee af te sluit.

Die vyf afdelings in die Psalmboek hang ten nouste saam. Verder vorm verskillende psalms ook in reliëf met mekaar 'n samehang. Schuman (1998a:375-376), byvoorbeeld, het aangetoon hoe die Bedevaartpsalms met mekaar saamhang en in mekaar verweef is.

7. DIE LITERATUURSOORTE VAN DIE PSALMS

Die literatuursoort sê hoe die teks verstaan wil word. Elke tekssoort gebruik bepaalde teksstrategieë met die oog op die kommunikasie aan die leser of hoorder. 'n Begrafnisberig sal byvoorbeeld nie maklik van ironie en satire gebruik maak nie. In 'n komedie is dié strategieë wel gepas. Benewens die teksaanbod wat 'n bepaalde literatuursoort maak, skep dit ook by die leser 'n sekere verwagting oor die verstaan en ervaring daarvan. 'n Leser lag nie vir 'n begrafnisberig nie, maar wel vir 'n satire (Vos 1996:41).

In die Psalmboek kan verskillende tekssoorte onderskei word. Daar is byvoorbeeld klaag-, himniese, wysheids- en vertrouenspsalms. Daar kom dikwels ook mengvorme voor, soos byvoorbeeld wysheids- en vertrouensperspektiewe in een psalm. 'n Klaagpsalm kan byvoorbeeld lofelemente bevat (vgl Ps 13). Elke psalmsoort is die draer van 'n bepaalde boodskap. Die boodskap moet in elke psalmsoort, maar ook in elke afsonderlike psalm gesoek word.

Lof vorm die hartklop van talle psalms. Die volgende himnes kan onderskei word: Psalm 8; 29; 33; 46-48; 65; 68; 76; 84; 87; 93; 95-100; 103-104; 113-114; 117; 122; 134-

136 en 145-150. Gewoonlik mond die klag ook in lof uit. 'n Algemene struktuur van dié tekssoort is die volgende:

- Oproep tot lofprysing;
- Die hoofdeel van die psalm: motivering vir die lofprysing (dikwels ingelei met **ki** wat die rede aangee); en
- Herhaling van die oproep tot lofprysing.

In hierdie artikel word daar na Psalm 8 vanuit 'n literêre benadering gekyk. Dit beteken dat die literatuursoort, die struktuur, die poëtiese strategieë en konvensies sowel as die betekenis en funksie van dié psalm komposisioneel beskou word. 'n Literêre benadering neem dit ook in ag dat die enkele psalms deel van 'n geheel, 'n digbundel, vorm.

8. DIE STRUKTUUR EN UITLEG VAN PSALM 8

Psalm 8 is 'n himne wat deur 'n ringskomposisie omraam is (Kraus 1966:66; Seybold 1996:50): “Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!” (Ps 8:2a en 10). *Inclusio* (ringskomposisie) is 'n poëtiese strategie wat dikwels in die psalms voorkom. Dit is die sleutel tot die hele psalm. Die Here moet erken en geprys word as die Een wat majesteitlik heers. Die Here se Naam dui op sy wese, en dit is met ander woorde Hyself in sy heerlikheid en heerskappy. Deur sy Naam handel Hy in die wêreld (Spieckermann 1989:229-231; Zenger 1997:210-211). Sy Naam is 'n skild (Ps 20:8). Waar sy Naam aangeroep word, slaan die vyand op die vlug (Ps 56:10). In Ps 8 gebruik die Here die kinders en die suigelingte om die vyande en die wraakgieriges tot swye te bring. Die ringskomposisie maak dit duidelik dat die soewereine mag van die Here die ganse wêreld en alle lewensfere omvat, en dat God 'n innige verhouding met sy mense het. Hy is nie 'n God van ver nie, maar 'n God van naby.

Binne die ringskomposisie wat as raamwerk dien (Ps 8:1a, 9), bestaan die psalm uit twee eenhede: Ps 8:2b-3 en 4-9 (Irsigler 1997:14; Zenger 1997:204). Alles binne hierdie psalm staan in diens van die wonderbaarlikheid van die heerlikheid van die Here se Naam. *Op aarde* kom die kontras tussen die *suigelingte* en die *vyand* aan die lig. Op linguïstiese vlak kan die kontras soos volg aangedui word:

Onderwerp	Handeling
kinders/suigelinge	besing
vyande/wraakgieriges	tot swye bring

Die geringstes, kinders en suigelinge (kinders en suigelinge is nie ’n metafoor vir die lydende, bespote en verdrukke volk van God, soos Zenger 1997:209 interpreteer nie) is getuies van die grootheid van die Here (Van der Ploeg 1973:70). Die mag van die Here wat uit kindermonde kom, is nie minder as die skeppingsdaad van God aan die hemel nie (Westermann 1984:181; Irsigler 1997:18-19). Kinders en suigelinge bring die oënskynlik magtiges tot swye deurdat hulle die magtige werk van die Here besing (Kraus 1966:68-69; Van Uchelen 1971:57; Spieckermann 1989:232-233). Dit beteken nie dat die “kindermonde” die vyande fisiek kan vernietig nie, maar hulle vorm ’n bolwerk, ’n oorwinningsmag teenoor die vyand (Irsigler 1997:20-21). Dit is op semantiese vlak ’n oop vraag of huil, lag of juig hier ter sprake is (Irsigler 1997:19). Onder die vyande word in die konteks van Psalm 8 nie op die mitiese magte of iets simbolies op die dierewêreld (Ps 8:7-9) gedui nie (Irsigler 1997:19), maar ons kan onder “vyande” die wederstrewiges teen die Here reken. Hulle is in verset teen sy mag, sy skeppingskrag en lewensmag (Irsigler 1997:19-20).

In die tweede eenheid sien die digter hoe die maan en die sterre aan *die hemel* die heerlijkheid van die Here glansend uitstraal. Vers 4 bied die kontrasagtergrond en motivering vir die vrae in vers 5. Die grootheid van die Here bestaan daarin dat Hy die firmament sonder inspanning gemaak het. Hy het net sy vingers gebruik (Ps 8:4; Zenger 1997:206). Hierteenoor is die mens niks. Die retoriese vraag is vers 5: “Wat is (dan tog) die mens dat U aan hom dink, en ’n mensewese dat U sorgend met hom omgaan”?, herinner aan die retoriese vraag in vers 2a: “Hoe wonderbaar is u Naam ...”. Hiermee word die geringheid van die mens in vergelyking met die grootheid van die Here benadruk. Die grootheid van die Here kom verder aan die lig deurdat Hy aan die geringe mens “dink” en “na hom omsien” (vers 5; Kraus 1966:69-70; Van Uchelen 1971:58). Die twee werkwoorde wat hier gebruik word, dui op die mens as bedreigde en hulpbehoewende wese, wat so wondbaar soos ’n kind is (Westermann 1984:185). Die mens het in homself geen gesag en waardigheid nie, maar die Here gee dit aan hom (Ps 8:6-7). In verse 6-9 blyk die antwoord op die vrae in vers 5 by wyse van ’n roemende belydenis. In vers 6 kom die toerusting van

die mens as die Here se verteenwoordiger op *aarde* aan die lig. Die metafoor van 'n koning word gebruik om die waarde en waardigheid van die klein en swak mens voor God te beskryf (Seybold 1966:51; Van Uchelen 1971:59; Spieckermann 1989:235; Zenger 1997:207). Hy is met *eer* en *heerlikheid* gekroon. Die mens is byna 'n god op aarde. Hiervan getuig die *eer* en *heerlikheid* wat die Here aan hom toeken (Irsigler 1997:22-24).

In verse 7-9 – wat aan die taal van Genesis 1 herinner – word die heersersposisie van die mens teenoor die diere gestel. Die mens heers oor die mak diere, die wilde diere, die voëls in die lug, die visse in die see en al die diere van die oseaan (Ps 8:7-9). Die werklikheidsopvatting van die psalm staan binne die ou Oosterse wêreldbeeld – aarde-hemel-onder die aarde. Dit is opmerklik hoe die mens se heerskap in konsentriese sirkel in verse 7-9 uitbrei (Zenger 1997:207).

In vers 10 word die tema van 2a in die ons-rede herhaal. In 'n bewonderende uitroep word die Here aangeroep: hoe heerlik is sy Naam op die ganse aarde. Sonder 'n goddelike dokologie kan daar geen menslike waardigheid wees nie.

8. OMDIGTING VAN PSALM 8

8.1 T T Cloete se omdigting van Psalm 8

U Naam is wonderbaar op aarde, Here,
en verder weg, verby die verste sferes
Hoe glansryk, Here, word u Naam vertel
deur alles in u hemelruim gestel.

Selfs kinders sing van wat U als gemaak het,
van wat u hande skeppend aangeraak het.
'n Suigeling kan as getuie sing
en so u vyande tot swye bring.

U hemel, Heer, is vol van wonderwerke.
Ek sien aan ster en maan u vingermerke.
Hoe is die mens dan tog u gunsteling,
net bietjie minder as 'n hemeling?

U vestig hom as koning hoog verhewe;
 U stel hom aan oor alle soorte lewe.
 Met eer en aansien het U hom gekroon
 en alles onderwerp U aan sy troon.

U laat hom heers oor alles: diere, vee,
 voëls in die lug, die visse van die see.
 Daarvan getuig die hele aarde saam:
 Hoe wonderbaar, o Here, is u Naam!

8.2 'n Literêre beoordeling

In Cloete se omdigting word die *inclusio* van Psalm 8 in die eerste en vyfde strofes verreken. Deur dit só te doen, word die fokus van die Hebreeuse gedig in Cloete se omdigting eerbiedig. Cloete rangskik egter die eerste en die laaste versreëls in 'n ander woordorde. Hoewel die rym daarvoor vra, bereik Cloete hiermee 'n verrassende effek. Die stelling (strofe 1, versreël 1) word 'n himniese uitroep (strofe 5, versreël 4).

Die eerste deel van die psalm (Ps 8:2a-3) word in twee strofes omgedig. Die tweede deel van die psalm (Ps 8:3-9) word verder in drie strofes weergegee. Die rede hiervoor is heel moontlik omdat die tweede gedeelte meer stof bevat wat verwerk moet word.

Cloete se omgedigte strofes bestryk vier versreëls. In sy omdigting maak hy van 'n aabb-rymskema gebruik. Hy slaag daarin om deur dié patroon die twee versreëls wat rym semanties en retories aan mekaar te verbind. Hierdeur word ook 'n sekere spanning geskep. Die “kinders” in strofe 2, versreël 1 staan in opposisie met die “vyande” in strofe 2, versreël 4. Cloete maak ook in strofes 1, 2, 3, 4 (behalwe die derde en vierde versreëls) van dubbeleindrym gebruik. In die ander geval (strofe 5) is daar nogtans naas die eindrym ook ander klankbindinge. In die Hebreeuse gedig is “die Here” die fokus van die handeling. In strofes 1, 3, 4 en 5 van die Cloete-omdigting is “U” die fokus van die handeling. Deur hierdie vooropstelling laat Cloete in sy omdigting reg aan die Hebreeuse gedig geskied.

In die uitleg van Psalm 8 het dit aan die lig gekom dat die lof uit die kindermonde die magtige werk van die Here besing. Die Cloete-omdigting druk dit in strofe 2, versreëls 1 en 2 besonder vernuftig uit:

Selfs kinders sing van wat U als gemaak het,
van wat u hande skeppend aangeraak het.

Psalm 8 het 'n getuienis- en belydeniskarakter. Hiermee hou Cloete in sy omdigting deurgaans rekening. Dit kom onder andere in woorde soos “vertel” (strofe 1, versreël 3) en “getuie” (strofe 2, versreël 3) na vore.

Die hemel is vol “wonderwerke” (strofe 3, versreëls 1 en 2). Die speelelement in die wyse waarop die Here skep, word in Psalm 8:4 uitgedruk as daar verklaar word dat die Here slegs met sy “vingers” geskep het. Dié gedagte kom nie in die Cloete-omdigting aan die bod nie.

Die Here verloor nie die mens uit die oog nie. In die Cloete-omdigting kom die feit dat die Here aan die mens “dink” en na hom “omsien” nie genoeg tot sy reg nie. Die mens is wel die Here se “gunsteling” en “net bietjie minder as 'n hemeling”. Die neutrale begrip “hemeling” is 'n goeie weergawe van die moeilik vertaalbare woord in die Hebreeuse gedig (vers 6).

Die koningsmetafoor in die Hebreeuse gedig (verse 6b-9) word in die Cloete-omdigting bewaar. Woorde soos “koning” (strofe 4, versreël 1); “U stel hom aan...” (strofe 4, versreël 2); “gekroon” (strofe 4, versreël 3); “onderwerp” (strofe 4, versreël 4); “heers oor” (strofe 5, versreël 1) bevestig hierdie belangrike kode. Die mens se heerskappy strek “oor alle soorte lewe” (strofe 4, versreël 2). Hiermee kom dit aan die lig dat die Here aan die mens 'n heerskapsposisie gegee het.

Ook eerbiedig die Cloete-omdigting die driedeling van die antieke wêreldbeeld: aarde, hemel (lug) en onder die aarde. Die mens se heerskap bestryk die totale werklikheid. Hieraan laat Cloete in strofe 5 reg geskied.

Die 3de versreël van strofe 5 dien as 'n heenwyser na die slotreël. Hierdie poëtiese tegniek van Cloete maak die 2de laaste versreël besonder effektief en laat die omdigting in 'n triomf eindig. Die twee versreëls lui:

Daarvan getuig die hele aarde saam:
Hoe wonderbaar, Here, is u Naam!

9.2 Musiekwetenskaplike kommentaar

Uit die tien psalms in die *Liedboek* wat elk twee melodieë het, het slegs Psalms 8 en 139 ook twee teksomdigtings – in albei gevalle deur T T Cloete en Lina Spies onderskeidelik.

- In die geval van Psalm 8 pas die twee omdigtings op enigeen van die twee melodieë wat daarby afgedruk word - Die Geneefse van Guillaume Franc (1954/1551) én die van S J de Villiers (1937). Dieselfde geld vir Psalm 130 waar óf die Geneefse melodie óf die Liederwysie (soos opgeteken deur P K de Villiers) vir elk van die omdigtings gebruik kan word.
- Die twee omdigtings van Psalm 139 het egter elkeen ’n eie melodie wat nie tussen die twee tekste geruil kan word nie.
- Vir die meerderheid lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kan algemeen aanvaar word dat S J de Villiers se melodie sedert die eerste verskyning daarvan in 1937 wyer inslag gevind het as dié van Franc en dat dit binne hierdie twee kerkverbande steeds die geval is.
- Die vernaamste rede vir hierdie voorkeur is waarskynlik dat die musiekidoom en -styl van die De Villiers-melodie meer geredelik ingepas het by die luisterervaring, stylanvoeling en teksbelewenis van die oorgrote meerderheid lidmate van die vroeë twintigste eeu – ’n kerkbevolking wat toé reeds sterk deur Engelse kerk- én sekulêre musiekstyle aangespreek en beïnvloed is. Hierdie lidmate het hoofsaaklik aan twee van die drie Afrikaanse susterkerke behoort - die Nederduitse Gereformeerde kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. (Tot vandag toe word binne die tradisie en sangpraktyk van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika minder geredelik afstand gedoen van Geneefse melodieë.)
- Die lae gebruiksfrekwensie van die Geneefse melodie van Psalm 8 sou aan verskeie faktore toegeskryf kon word. “Die artistieke integriteit van ’n kerklied (soos enige ander lied) wat ook onmiddellik impliseer sy verstaanbaarheid, sy *kommunikatiewe trefkrag*, is

geleë in die *oortuigende* vereniging van teks en musiek (toonsetting)” (Strydom 1994:257, my kursivering - GCO). Sonder om die musiek-estetiese waarde en tegniese uitnemendheid van die Geneefse melodie enigsins te betwyfel, wil dit tog voorkom asof daar vanuit die staanspoor (reeds met die Totius-beryming) ’n minder *oortuigende* verband tussen die (Afrikaanse) teks en die Geneefse melodie in die *gemoed* van Afrikaanse kerkangers gevind kon word.

- Die onderskeie strofes van die teks eindig telkens op ’n stygende lyn met ’n positiewe lof-uiting aan God die Skepper en Onderhouer. Dit stem ooreen met die kontoere van die melodie van S J de Villiers. Die stygende slotfrase van die melodie eindig op die boonste tuisnoot van die toonaard, wat gesien kan word as ’n akklamasie van die gang en gevoelstreking van die teks. Hierteenoor eindig die Geneefse melodie met ’n dalende kurwe op dieselfde lae toonhoogte as dié waarmee die melodie begin. Verder klink dit, selfs in ’n eenstemmige, ongeleide weergawe, vir die meerderheid lidmate *per implikasie in die mineur-modus*. Gesien die sterk voorkeur vir *lofliedere in majeure-toonaarde* wat homself byna tradisioneel binne Afrikaanse kerkverband gevestig het, val dit derhalwe nie té vreemd op dat hierdie melodie nie in algemene gebruik is nie. (Hierdie opmerking geld nie vir die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika nie.)
- Die woord-toonverhouding tussen die melodie van S J de Villiers en die teks van T T Cloete word vervolgens in oënskou geneem: Wat *oorhoofse struktuur* betref, is daar ’n geslaagde ooreenkoms tussen die struktuur van die onderskeie strofes - wat telkens in eenhede van twee-*plus*-twee versreëls uiteenval - en die frasestruktuur van die melodie. Die ruspunt na elke twee versreëls val saam met ’n voltooide kadens in die melodie. Hiermee word vanuit die staanspoor een van die sterkste oortuigingspunte van die toonsetting bevestig – veral ook in die gemoed en waarneming van die sanger/hoorder. In die (sang)praktyk beteken dit dat die musiek die singende gemeente toelaat om natuurlik asem te haal op plekke waar dit die *struktuur van die teks in ag neem*. Die segging “ons skryf soos ons praat”, sou hier gewysig kon word na “ons *sing* soos ons praat”.

- Wat *interne* vormgewing van die melodie betref, berus ’n oortuigende woord-toonverhouding op die natuurlike verband tussen woord- en musiek-aksente. Dit hang weer saam met die metrum en ritmiek van die melodie in samehang met dié van die liedteks. Lettergrepe wat in die omgangstaal kort uitgespreek word, asook kort eenlettergrepige woorde soos *en* of *’n* moet verkieslik nie met uitermatige lang nootwaardes gekombineer word nie. Metries onbeklemtoonde woorde in die teks, of lettergrepe wat normaalweg nie beklemtoon word nie, moet verkieslik nie op sterk beklemtoonde polsslae van die melodie geplaas word nie. Dit doen onnatuurlik aan en berooft die lied van sy natuurlike seggingskrag. Vokale soos *e* (*ê*) en *i*, of diftonge soos *ie* is moeilik singbaar op hoë note, in teenstelling met “oop” vokale soos *a* en *o* wat eerder op sulke toonhoogtes geplaas kan word.
- Normaalweg volg die toonsetting van ’n liedteks op die aanvanklike daarstelling van die gedig. In gevalle waar bestaande Psalmmelodieë uit die vorige sangbundel in die *Liedboek* behou is, moes hierdie “natuurlike” proses omgekeer word. Die teksdigter moet hom nou, benewens die gewone poëtiese beginsels en beperkings, ook steur aan die voorskrifte van ’n reeds bestaande melodie met ’n eie metrum, met sowel interne as eksterne vormgewing en met ’n eie ritmiese bloedsomloop.
- Dit maak die digwerk veel moeiliker en dikwels is die pad vol slaggate. In ’n poging om byvoorbeeld die metries-onbeklemtoonde eindnoot van ’n frase in gedagte te hou, moet gesoek word na ’n sluitwoord van die frase wat terselfdertyd die vroulike eindrym van die daaropvolgende frase eerbiedig. Terselfdertyd moet die gedig eksegeties korrek wees. Met inagneming van sulke bykomende beperkings wat op ’n digter gelê word, is dit soms eenvoudig onmoontlik om die metriese struktuur van die melodie *end-uit en in alle strofes* te eerbiedig. Dan word onvermydelik gevind (meestal in ’n enkele strofe) dat enkele swak-beklemtoonde woorde of lettergrepe op beklemtoonde polsslae van die musiek te staan kom. *Hierdie verskynsel kom egter dwarsoor die wêreld in liedboeke voor*. In die meeste gevalle kom dit slegs in enkele strofes van ’n lied voor of is dit van so ’n geringe aard dat ’n mens daarmee kan saamleef.

- In die lig van die voorafgaande is dit juis te meer merkwaardig dat T T Cloete daarin kon slaag om 'n teks te maak wat bykans perfek op die bestaande melodie van S J de Villiers pas. Die woord-toonverhouding, frasebou en punktuasie van die teks stem, op 'n enkele uitsondering na, in wese ooreen met dié van die melodie.
- Die eerste frase van die melodie bevat in die tweede maat 'n gepunteerde halfnoot, gevolg deur 'n kwartnoot. Die plasing van die punt ná 'n noot beteken dat die noot waarby dit staan, langer aangehou moet word. In hierdie betrokke geval is dit uiters belangrik om daarop te let dat hierdie note op *dieselfde toonhoogte* is. In die *instrumentale praktyk*, en veral op die orrel, word note op dieselfde toonhoogte bewustelik van mekaar geskei deurdat die klavier vir 'n oomblik gelos word. Sodoende *haal die musiek asem* en word die twee note hoorbaar geartikuleer, so nie vloei hulle aanmekaar en word die vitaliteit van die onderskeie tydsdure nie duidelik waargeneem nie. In die *vokale praktyk* word so 'n punt meestal ook geïnterpreteer as frasering, byna as 'n *ongeskrewe komma*, waar asem geskep mag word. Dit gebeur bykans vanselfsprekend in gevalle waar 'n lied breed en teen 'n rustige tempo gesing (moet) word. Om hierdie rede rede sal die oorgrote meerderheid lidmate hierdie ritmiese patroon in Psalm 8 as 'n *fraseringspunt* of komma aanvoel en derhalwe asem skep ná die halfnoot in maat twee, alvorens die res van die frase gesing word. Indien hierdie onderbreking oormatig lank duur, is die daaropvolgende kwartnoot metries té laat en word die sang onmiddellik daarna hoorbaar ongelyk en onritmies).

Vergelyk byvoorbeeld die eerste frase van die eerste strofe van die Totius-beryming: *Daar is geen land (breuk/asem) so ver of woës geleë*. Let daarop dat die teks geen komma na die woord *land* bevat nie, maar dit word wel gesing asof daar een is. In die daaropvolgende strofes van dieselfde beryming val die gepunteerde halfnoot telkens op eenlettergrepige woorde (Heer; mens; heers; skaap), soms gevolg deur 'n komma.

In die geval van die Cloete-beryming word dieselfde beginsel gevolg: Die eerste versreëls van alle strofes – *behalwe strofe 1* – gebruik 'n eenlettergrepige woord op genoemde gepunteerde noot (sing; Heer; hom; heers). In die eerste strofe word egter op dié plek 'n drie-lettergrepige woord gebruik: *U Naam is won- (breuk/asem) -derbaar op aarde*,

Here. In die praktyk sal dit waarskynlik meebring dat die oorgrote meerderheid lidmate in die middel van hierdie woord sal asem skep. Ofskoon dit die teks 'n onguns bewys, sou so 'n praktyk geredelik uit die samestelling van die melodie *en sy sangtradisie* verduidelik kon word. Sangleiers, orreliste en predikante sou gemeentes daarop kon wys dat hierdie spesifieke versreël verkieslik *deurgesing* behoort te word. Daarmee word geen onredelike eis aan die gemiddelde gemeentelid gestel nie, mits die lied groots *maar nie slepend* gesing word nie.

Sulke bewusmaking kan moontlik vanuit die staanspoor voorkom dat dieselfde teksongevoelig sangwyse algemene inslag vind as dié van Lied 602 (voorheen Gesang 177) waar die volgende sangpatroon klaarblyklik stewig ingeburger en algemeen aanvaar skyn te wees: *Ek sien 'n nu-(breuk/asem) -we hemel kom.* Die resultaat is in alle gevalle voorspelbaar: die daaropvolgende frase word te laat aangepak en die sang sleep onvermydelik agter die orrel aan.

10. 'N SLOTNOOT

Hierdie artikel wys op die sentrale belang van die psalms in die liturgie en himnologie. Ten einde die plek van die verskillende psalms te begryp, is die psalmboek as kohesiewe digbundel gerespekteer. Daar is ook aan die samestelling van die psalmbundel en die literatuursoorte aandag gegee.

Die vraag of die Cloete-omdigting aan die grondpsalm reg laat geskied, kan slegs beantwoord word indien die struktuur en uitleg van die grondpsalm in ag geneem is. In die artikel is daar aan die saak aandag gegee. Ná 'n analise van die Cloete-omdigting kom dit aan die lig dat, ten spyte van enkele kritiese note, die hoë literêre waarde van dié omdigting kristalhelder vasstaan. Cloete maak die psalm verstaanbaar en vars. Die omdigting voldoen ook aan die eise wat deur die melodie daaraan gestel word. Die geslaagde woord-toonverhouding bring mee dat die lied uiters singbaar is.

Literatuurverwysings

Afrikaanse Psalms en Gesange, 1976. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Barnard, A C 185. *Die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Irsigler, H 1997. *Vom Adamsohn zum Immanuel*. St Ottilien: EOS-Verlag.

- Kaspar, P P 1999. *Musica sacra: Das grosse Buch der Kirchenmusik*. Wenen: Styria.
- Kraus, H-J 1966. *Psalmen 1. Teilband 3*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
(BKAT XV/1.)
- Liedboek van die Kerk*. 2001. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Monsma, D 1998. Informatie en documentatie, in Oskamp, P & Schuman, N (reds), *De weg van de liturgie: Tradities, achtergrond, praktijk*, 423-435. Zoetermeer: Meinema.
- Schuman, N A 1995. "en wat zij zong hoorde ik dat psalmen waren." Over psalmen en liturgie. Intreerede te Kampen, 22 September 1995.
- Schuman, N A 1998a. De Psalmen, in Oskamp, P & Schuman, N (reds), *De weg van de liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk*, 165-175. Zoetermeer: Meinema.
- Schuman, N A 1998b. "... Die weet gehad heeft en geen weet had". *Skrif en Kerk* 19(2), 373-380.
- Schuman, N A 2001. Psalm 91: tekst, context, en een diversiteit aan herlezingen, in *Jaarboek voor Liturgie-onderzoek. Instituut voor Liturgiewetenschap*, 237-255. Gröningen Liturgisch Instituut: Tilburg.
- Seybold, K 1996. *Die Psalmen*. Tübingen: Mohr & Siebeck. (HAT 1/15.)
- Spieckermann, H 1989. *Heilsgegenwart: Eine Theologie der Psalmen*. Vandenhoeck & Ruprecht: Göttingen.
- Strydom, W M L 1994. *Sing nuwe sange, nuutgebore: Liturgie en Lied*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Van der Ploeg, J P M 1973. *Psalmen I (Psalm 1-44)*. Roermond: Romen & Zonen. (BOT.)
- Van Uchelen, N A 1971. *Psalmen, I*. Callenbach: Nijkerk. (POT.)
- Vos, C J A 1996. *Die volheid daarvan, II*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Vos, C J A 2001. 'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting. *HTS* 56(2 & 3), 357-376.
- Vrijlandt, M A. 1989. *Liturgiek*. 2e druk. s'Gravenhage: Meinema.
- Westermann, C 1984. *Ausgewählte Psalmen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Zenger, E 1997. *Die Nacht wird leuchten wie der Tag*. Freiburg: Herder.